## 5 Augustus 2024 - Lesing 80 - Die Groot Johannes Evangelie - Boek 1 (Jakob Lorber)

***Onderweg na Kapernaum:***

### *Oor die vrye selfbeskikking. Die ware lewe kom uit die hart*

**93** Nou gaan ons op die weg. Die jong gasheer kom vra My nog `n keer of Ek die aand by hom wil deurbring.

[2] **Ek** sê egter: ”Ek kom gou weer terug, want voordat Ek vir die volgende fees na Jerusalem toe gaan, moet Ek Násaret besoek en op die heen- en terugreis sal ek weer by jou aangaan.”

[3] **Die gasheer** sê: “Meester, daarmee maak U my baie gelukkig! As U nou egter beslis nie langer hier wil bly nie, wil U dan so vriendelik wees om my toestemming te gee dat ek U weer mag vergesel!”

[4] **Ek** sê: “Dit moet jy heeltemal self beslis, want wat My betref moet niemand ooit tot enigiets gedwing word nie. Wie My Wil aanneem, die neem My aan en wie My en My leer wil volg, die volg My! Want Ek en My ryk is vry en moet daarom ook in alle vryheid verwerf word.

[5] **Vir My geld slegs die absoluut vrye selfbeskikking. Alles wat meer of minder is, het vir My en My Vader, wat in My is soos Ek in Hom, geen waarde nie.**

[6] Want elke dwang wat êrens anders vandaan kom as uit die hoogste eie hart, is vreemd en kan ook vir die hoogste eie lewe van die mens onmoontlik enige geldigheid hê in My ewige, mees vrye orde nie.

[7] Watter sin het die feite, as jy van `n kunswerk van `n ander beweer dat dit jou werk is? As daar dan iemand kom en aan jou vra om teen `n hoë beloning nog so `n werk te maak, dan sou jy in die skande staan en jou dit moet laat welgeval dat die opdraggewer jou ten aanskoue van elkeen `n leuenaar, bedrieër en pronker met `n ander man se vere noem.

[8] So is ook die volle ontwikkeling van die eie lewe van elke mens persoonlik in sy eie hande gegee.

[9] Wat ooit by die groot lewensbeoordeling van elke mens voor Elohim se Aangesig as vreemd aan die mens uitgeken sal word, dit sal ook geen waarde vir hom hê nie en dit sal van hom afgeneem word en daar sal dan gesê word: Wie het, die sal dit behou en daar sal nog baie vir hom toegevoeg word; wie egter niks van sy eie het nie, dit sal hom ontneem word wat hy het, omdat dit nie van homself is nie, maar van `n ander!

[10] Ek sê jou dat dit nou selfs nie nodig is dat jy saamgaan nie; maar as jy dit suiwer uit jouself wil doen uit liefde vir My, dan sal jy daardeur nie net niks verloor nie, maar jy sal in alles tienvoudig wen! Want wie uit ware liefde vir My iets doen, sal hier tienvoudig vergeld word en later in My ryk honderdvoudig, ook duisendvoudig en eindeloos!”

[11] **Die gasheer** sê: “Meester, as dit so is, dan gaan ek sekerlik met U saam, want my eie hart sit my daartoe aan en ek wil daarom my hart geheel en al volg!”

[12] “Goed, doen dit”, sê **Ek**, “**dan sal jy volgens jou hart lewe en slegs dit is ware lewe**. Want elke ander lewe wat nie uit die hart kom nie, is geen lewe nie, maar `n dood van die eie lewe in elke mens! Ek, wat alleen die Meester van alle lewe is, sê dit vir jou!”

[13] Dit maak die gasheer baie gelukkig, hy neem dadelik sy tas en sy geld en maak homself reisvaardig.

[14] Maar **Ek** raai hom aan: “Maak jou vry van alles, dan sal jy baie ligter loop; want diewe val slegs diegene aan waarvan hulle weet dat hulle iets by hulleself het! Het jy egter niks, kan hulle ook niks wegneem nie!”

[15] Die gasheer oorhandig daarop sy geld en sy tas aan sy vrou **en volg My dus sonder geld en sonder tas.**

### *Oor die vloek en die gevare van geld*

**94** Maar **Judas Iskariot**, wat naaste aan ons staan, sê: “Ek dink egter dat dit die mens nie skade kan doen om geld by hulleself te hê tydens die reis nie!”

[2] Maar **Ek** sê: “Wie My ken soos hierdie gasheer wat ook in Sigar by My was, die weet ook dat `n mens by My ook sonder geld baie goed oor die weg kom! Kyk eers, hoewel ek geen sakke in My mantel het en nog minder iets wat ook maar lyk soos geld nie, het Ek tog vir baie honderde gesorg, wat deur Judea en Samaria met My saamgegaan het! Vra hulle, hoeveel hierdie reis elkeen gekos het!

[3] Ek sê vir jou egter nog bowendien dat Ek binnekort baie duisende sal voed sonder om meer geld by My te hê as nou.

[4] Ek sê vir jou: `n Ware en algehele vertroue op Elohim is meer werd as al die skatte van die aarde waarmee jy wel vir `n kort tyd jou vlees, maar nooit jou siel sal kan help nie. As jy egter jou siel ten gronde gerig en verloor het, wat het jy dan later nog te gee vir die verlossing van jou siel?”

[5] **Judas** sê: “Ja ja, U het wel gelyk, maar vir bepaalde dinge moet `n mens tog geld hê!”

[6] **Ek** sê: “Hoe baie geld het Moses dan gehad toe hy die Israeliete uit Egipte gelei het?” - **Judas** sê: ”Hy het goud, silwer en baie edelstene gehad!”

[7] **Ek** sê: “Dit het hy weliswaar gehad, maar dit maak dan ook dat hy nie in die voorspelde Beloofde Land kon inkom nie! Kan jy dit wel begryp?!”

[8] **Judas** sê: “Ek is die mening toegedaan dat by Moses, die profeet der profete van JaHWeH, nie die goud en die silwer wat hy op Elohim se bevel uit Egipte moes saamneem nie omdat daar skuld aan was nie, maar eerder dat hy in `n swak uur van sy geloof te weinig op die trou van JaHWeH gebou het!”

[9] **Ek** sê: “En wat was die rede dat hy op sy dag swak geword het? Hy wat Moses toe swak laat word het, omdat hy te veel gedink het aan die baie silwer en die goud, staan hier voor jou en sê dit! Die Skrif is weliswaar in een beeld weergegee, maar soos Ek dit nou vir jou sê, so is en was dit in werklikheid!”

[10] **Judas** sê: “Goed, Ek neem van U aan dat dit toe so gebeur het. Maar nou is geld deur die koning van Rome en die helfte van die aarde eenmaal as wettige ruilmiddel ingevoer ter vergemakliking van die noodsaaklike onderlinge menslike verkeer en ons is verplig om dit te gebruik. En ook meen ek dat as dit geen sonde is om geld in die tempelkis te offer nie, dit ook geen sonde sal wees dieselfde geld aan `n arme te gee sodat hy homself `n paar dae daarmee kan onderhou nie. Dus is dit slegs al vanweë die armes goed om geld, wat nou eenmaal tog deur die staat wettig ingevoer is, op reis saam te neem en dus is dit die beste dat gasheer Koban `n bietjie geld by homself hou!”

[11] **Ek** sê: ”Jy dra weliswaar `n ryklik voorsiene beurs by jou, maar jy het gister tog niks gegee vir die drie armes wat jou om `n aalmoes gesmeek het en daarom meen Ek dat jy self nie lofwaardige gebruik maak van die geld waarvoor jy jouself voor My staan en aanprys nie!

[12] Wat die geld in die tempelkis aanbetref, daaroor sê Ek jou heel openhartig: Dit is `n gruwel van verwoesting, nie soseer vir `n paar armes van gees wat dink dat hulle daardeur die hemele kan verdien nie, maar des te meer vir hulle wat die geld uit die kas haal en snags **daarmee brassery bedryf met vuil kreature!** Solank daar geen geld bestaan het nie, was daar ook geen **publieke vroue** soos nou nie. Deur die koms van geld en allerlei munte het daar in Jerusalem, soos byna in al die ander stede, `n groot aantal vuil kreature gekom en die manne sondig dag en nag met hulle! En as die uit hul eie land nie meer goed genoeg is vir diegene met baie geld nie, dan laat hulle uit die berglande maagde kom, koop hulle in Griekeland en bedryf daarna in Judea met hulle die skandelikste hoerery! En kyk, dit alles en nog duisend keer erger, is die seën van geld wat deur jou so hoog geprys word!

[13] Maar dit is nog maar die begin van die vloek wat deur geld veroorsaak word.

[14] Daar kom egter nog tye wat slegter sal wees as die waarin Noag die ark gebou het en die ellende sal dan te wyte wees aan die goud en die silwer, - en slegs `n vuur uit die hemele wat al die vuil van die hel sal verteer, sal die mense verlos van die allergrootste ellende!”

[15] **Judas** sê: ”Ja, ja, U is `n profeet sonder weerga en dit weet almal; maar as mens geld goed gebruik, dan kan daar tog nie fout wees nie?”

[16] **Ek** sê: ”Ek sê vir jou: ja, as mens dit goed sou gebruik, dan sou dit net so goed wees soos al die ander dinge op aarde wat die mens beide goed en sleg kan gebruik! Maar die groot verskil lê hierin: As jy na `n stad gegaan het, dan moes jy allerlei dinge op jou skouers saamdra, hetsy gereedskap of eetware, en daarvoor kry jy iets anders terug wat jy nodig het, en ook `n voorbereide maaltyd. Dit is inderdaad ongemaklik - maar dit is ook ongemaklik om daarmee tot sonde verlei te word! Want as jy met jou pakkasie en sakke aankom of jy trek `n kar vol gereedskap en jy kom daarmee by so `n vuil kreatuur en jy wil met haar vir `n paar potte of skale sondig, dan sal sy jou bespot en uitlag en jy is gevrywaar van die sonde! Kom jy egter by haar met goud- en silwerstukke, dan sal sy jou nie bespot en uitlag nie, maar jou saamneem na haar liederlike kamer en sy sal jou met allerlei dinge prikkel om te sondig, om daardeur des te meer goud en silwer van jou te onttrek! Daarom is geld wel gemaklik, maar ook buitengewoon verlokkend en gemaklik om mee te sondig!

[17] En daarom het die Satan dit in hierdie wêreld ingebring, sodat daar gemakliker en meer daardeur gesondig kan word in die wêreld! - Weet jy nog nie dat dit die geleentheid is wat die dief maak nie?!”

*(word vervolg)*